# Val du Charron

Wellington nuus en kultuur / news and culture

APRIL 2018 083-747-2964 · info@valducharron.com · JAARGANG 23 · UITGAWE 213


## HEIL DIE LESER

Dae en seisoene beweeg onverstoord aan—ondeurdringbaar teen die aanslag van moderniteit wat alles in sy pad met spoed, gerief en die alomteenwoordigheid van netwerke probeer verlei. Onsigbare netwerke binne en buite kabels wat met buiteruimtelike stasies kommunikeer en ons lewens onderwerp aan die onmiddelikheid van die eeu. ’n Onmiddellikheid wat slawe van ons kinders en onbehoplenens van die geslag wat sukkel om die dinamika van hierdie gesiglose kommunikasie te ontsyfer, maak.

Ons staan magteloos en toekyk hoedat kinders ons al by die wegspringstreep verbysteek as dit kom by die uitdagings van die moderne tegnologie. Ons eie behendigheid met die dinamika om alles wat binne ons leefwêreld breek of stukkend raak—van die kleinste skroef tot fynste stopwerk—te kan regmaak, blyk geen waardetoevoeg te wees tot die beperkinge van almal wat die onmiddellikheid as enigste voorwaarde vir sinvolle oorlewing beskou.

Funksionele kontak met die stoflike en die invloed daarvan op ons weerbaarheid—fisies én geestelik—is ’n les in die waarde van balans waarsonder nog die natuur, nog die mens kan oorleef. Geen ramp is uiteindelik so buitengewoon of so buitensporig as ons die oorsaak daarvan kan vasmaak met die gevolg. Ons bloed handhaaf dieselfde balans in die vorm van pH wat gemeet kan word. Die liggaam sal jou eie kalsium uit jou bene myn net om hierdie fyn ewewig wat die verskil tussen lewe en dood handhaaf, te gehoorsaam. Die geestelike bloedstroom myn ook gevolge wat as waarskuwings dien, om die herhaling van foute te voorkom. Vir ’n gemeenskap gaar elke reaksie wat op ’n aksie volg, op in ’n kollektiewe impak.

Ons smag na verandering—’n sigbare verskil wat die weer, politiek en ekonomie omkeer. Skuiwe op hierdie vlak vereis egter die verandering van paradigmas en nie die omverwerp van stelsels nie. Laasgenoemde is ’n natuurlike gevolg as bewys van eersgenoemde—’n hartsverandering. Die wêreld buite ons is nie ’n refleksie van wat ons doen nie, maar van wie ons is. Die wonderwerk moet nie buite ons gebeur nie, maar binne ons. God het nie sy Seun gestuur om van ons goeie mense te maak nie, maar sy kinders—die boodskap van Pasga en ’n reputasie vir ons om waar te lewe! ’n Waarheid waarsonder die geestelike nie die stoflike sou kon inpakteer. *Groete*

*Amanda Kreitzer*
















# BYBELKOR REÜNIE



Dr Kobus en Christine Victor; Tannie Van der Merwe; Ds Hans en Susan Linde, Vena en ds Van Wyk.
2de ry: Jeannette Burger; Charlene Kruger; Dalene Jooste; Ina Willemse; Rina Liebenberg
3de ry: Lizelle de Bruin; Susan Heyns; Lizette vd Merwe; Elzette; Lida Swanepoel; Wilma van Reenen; Ann Marais
4de ry: Hilton Maurice; Marieta Rademeyer; Lenie Carstens; Henriette de Lange; Jeannette Brand; Marie Brand; Ronelle Baard en Henriette Truter

Bybelkor was die breinkind van Dr Gaum in 1971. Hy en Margaretha Huibrecht van der Merwe (baie van ons wat later by hul aangesluit het, het haar aangespreek as tannie Van der Merwe – uit respek) was die eerste pesoneellede. Hugenote Kollege se biblioteek was hul eerste kantoor. Plus minus September 1971, trek hul na Ferguson Hall. Hul het hul ten doel gestel om Bybelkursusse saam te stel en uit te gee. Die eerste kursus verskyn in 1972. Jeannette Burger sluit by hulle aan in 1976 en sy is ook die personeellid wat die langste daar gewerk het. Sy tree af in 2015. Nietemin, op daardie stadium (1976) beset hul slegs een vloer in Ferguson Hall. Later in 1976 het ds Willie Botha by hul aangesluit en toe het hul begin om die res van die gebou te betrek. Almal wat Ferguson Huis ken, weet natuurlik dat dit ’n pragtige gebou, binne en buite is. ’n Absolute plesier om daar te kon werk. So het die predikante stuk-stuk aangesluit: Ds Olwagen (reeds oorlede), ds Hans Linde, Kobus Victor en ook Anne Verhoef (ook reeds oorlede). Dit was darem nie net predikante wat die voorreg gehad het om daar aan die uitbreiding van die Koninkryk te kon werk nie. Vele ander het deur die jare gekom en gegaan. Ek het in die laat 80’s by hul aangesluit en het die voorreg gehad om daar te kon woeker. Ds Peet Neethling het ’n Produksiespan saamgestel en ons het Christelike videos begin maak. Ons het ook programme, gewoonlik preke, direk vanaf die radio opgeneem en dit is dan op klankkasette vrygestel en versprei. Alles tot eer van Hom en om Sy Woord uit te dra. Ek onthou dit as van my lekkerste werkende jare. Die hele Produksiespan het ongeveer in 2008 na ’n ateljee in Durbanville getrek.



’n Paar van die Bybelkor-span vergader in blye weersien voor Ferguson Huis.

So kom twee ‘gedagtes’ so ’n tydjie gelede bymekaar en ons besluit om die Bybelkorrels bymekaar te skraap en ’n reünie te reël. Met ’n bietjie kopkrap en moeite, kon ons sommer ’n hele klomp opspoor. Natuurlik nou al baie wyd versprei. Sommiges kon nie kom weens omstandighede, maar op 10 Maart kom daar toe sommer ’n hele klompie voor Ferguson Huis bymekaar. Wat ’n blye weersiens! En die jare het eenvoudig net weggeval. En die beste van alles, niemand het oud geword nie! Dr Gaum was ongelukkig nie daar nie, maar Margaretha van der Merwe, Hans Linde en Susan, Attie van Wyk en Vena, Willie Botha en Cora, Kobus Victor en Christine..... almal was daar en ewe opgewonde om weer saam te kuier. Ons het eers in die Ouditoreum, wat ons almal so goed ken en ek nog altyd gedink het so pragtig is, bymekaar gekom, bietjie ou foto materiaal gekyk, geklets soos min en die prag van die interieur van die gebou, van vooraf bewonder. Daarna het ons na Piza e Vino op Val du Charron vertrek, waar ons heerlik geëet en lekker verder gekuier het. En hier wil ek graag net noem dat die kelners hul absoluut puik van hul taak gekwyt het. Om soveel “kinders” te bedien wat nie eers ’n oomblik kan stilsit nie, en dan nog die rekenings korrek het? Dit wil gedoen wees. Baie dankie aan Piza e Vino en personeel. Die bittereinders het gekuier tot 17h30. En graag deel ek hierdie heerlike geleentheid met die res van Wellington.

*Marieta Rademeyer*

# TIM ATKIN’S VISIT TO WELLINGTON

The OMI Wellington Wine Route was both honoured and delighted to host the renowned and highly-regarded UK-based wine writer, Tim Atkin for a special wine tasting and dinner on 26 March 2018. The event was held at the legendary Old Wellington Tannery, where members of the Wellington Wine Route presented a selection of their premium and recently bottled red wines for Tim to taste and judge.

Members that presented wines and attended the tasting included Diemersfontein, Doolhof, Linton Park, Andreas, Jacaranda, Upland Organic, Welbedacht, Bosman and Imbuko. Tim tasted each wine in the presence of either the respective winemaker or marketing representative for that estate. Although the overall feeling was that Tim thoroughly enjoyed not only the wines, but the customary Wellington hospitality too – members will need to wait a while before they receive his official feedback.



Front: Rene Reiser (Jacaranda Wines), Francois Roode (Diemersfontein Wines), Tim Atkin, , Tiaan Bosman (Welbedacht Wine Estate), Giellie (Doolhof Wine Estate)
Back: Hardes van Heerden (Welbedacht Wine Estate), Schalk Burger (Welbedacht Wine Estate), Rene Reece (Wellington Wine Route), Birgit Schmeiderer Reiser (Jacaranda Wines), Lydia Burger (Imbuko Wines), Georgina Rice (Andreas Wines), Corlia Fourie(Bosman), Xania van der Merwe (Wellington Wines), Edmund Oettlé (Upland Organic Wine & Brandy Estate)



Francois Roode (Winemaker Diemersfontein) and Tim Atkin.

# BOPA HOU INLIGTINGSDAG VIR PLAASLIKE BOERE



Klasie Hodgson (EW Nutrition), Louis de Jager (Dosing Solutions), Dr Faffa Malan, Radek (EW Nutrition - Czech Republick), Yolanda Stofberg (Bopa Animal Health), Johan Ferreira (Bayers), Nico Groenewald, Jannie van Niekerk, Nicolaas Groenewald (Biorem).

BOPA Dieregesondheid is 'n nuwe dieregesondheid handelaar in ons omgewing wat alle benodigdhede vir diereproduksie, perde en troeteldiere verkoop aan boere en die publiek. Op Woensdag 21 Maart is 'n baie suksesvolle tegniese boere inligtingsdag gehou by Nelson's wynplaas, net buite Wellington. BOPA is ook die alleenagent vir al Biorem se produkte in die Boland- en Weskusarea's en vir EW Nutrition se produkte en Dosing Solutions se doseerpompe, in die Wes- en Oos-Kaap.

Nico en Nicolaas Geldenhuys van Biorem Biologiese produkte het die Biorem konsep en sukseswenke gedeel met die boere oor kalf- en lamgrootmaak, veld- en voerkraal skaap- en beesboerdery, melkvervangers vir kalwers en orale doserings met omega-3 ryke vislewerolie met vitamiene A, D en Selenium om konsepsie, immuniteit, groei en wolproduksie te verbeter in tye van tekorte. Biorem het selfs 'n produk wat in vliegduiwe en skouhoenders gebruik word om die verteringsproses te normaliseer, as antagonis op te tree teen patogene (skadelike) organismes, die immuunstelsel te stimuleer, kankergewasse te onderdruk en selfs natuurlike anti-mikrobiese (antibiotika) prosesse te ondersteun! Die natuurlike organismes wat deel is van die verteringsproses word versteur wanneer voëls met antibiotika behandel word en in tye van stress (harde oefening, wedvlugte, vervoer, 'caging', ens) en hiérdie produk kan help om probleme hiermee aan te spreek.

Radek Nigrin (van die Tsjeggiese Republiek ) van EW Nutrition het die voordele van produkte soos Activo (saamgestel uit 'n kombinasie van natuurlike plantekstrakte) in die voer en in die drinkwater bespreek ten opsigte van verbeterde voerinname en gevolglike verbeterde toename in liggaamsmassa en totale produksie en wins in pluimvee- en varkproduksiestelsels. Mastersorb is 'n mikotoksienbinder wat gebruik word om ook lewerfunksie te verbeter in die teenwoordigheid van mikotoksiene in rou materiale wat in die voer teenwoordig is. Teenwoordigheid van mikotoksiene in voer wat diere eet kan lei tot laer produktiwiteit, verlaagde vrugbaarheid, verhoogde vrektes, besmetting van melk en eiers, laer kwaliteit van die finale voedselproduk en uiteindelik fiansiële verliese.

Louis de Jager het die ongelooflike voordele van Dosing Solutions se reeks doseerpompe verduidelik aan die hand van 'n aktiewe pomp demonstrasie. Johan Fereirra, streeksbestuurder van Bayer (maar waarskynlik meer bekend as die stem van Bok Radio se sportkommentator en Supersport TV-aanbieder) het ook die voordele van die hele reeks ByBoost produkte vir melkbeeste verduidelik.

Laaste, maar definitief nie die minste nie, het die baie bekende Dr. Faffa Malan (van 'Vra vir Faffa'- faam in die Landbouweekblad en RSG) 'n baie interessante aanbieding gedoen oor die effek van droogtehulp op ekto- en endoparasiet verspreiding.

BOPA is geleë in die Boland-Agri gebou by die Wellington Tannery langs die R46 (Hermonpad), net buite Wellington waar Yolanda Stofberg aan die stuur van sake is. Kontak haar gerus by 083 444 5287 of yolanda@bopaah.co.za vir enige diere benodigdhede.


# HOMEMADE BREAD

For all those living in Wellington that did not know, Wellington's own organic grocer and health shop, PachaMama Organic, bakes fresh bread and buns on a daily basis. They use stone ground flour and organic ingredients, with a personal touch that definitely makes a difference. This is the kind of bread that makes you homesick or nostalgic. So bring back some of that old fashioned charm into your life and diet by substituting the picture perfect and soulless loaf, with one baked with a heart full of goodwill—and that makes you coming back for more.



Lizzie Faroa busy kneading the dough for one of the tasty loaves of bread.









# Hugenote Laerskool



# WELKOM TUIS CHRIS!!!







Hugenote verwelkom Chris terug in Wellington nadat hy vanoggend vroeër as verwag ontslaan is! Hugenote Laer en Hoërskool het langs die pad gestaan en hom luid toegejuig!

## ATLETIEK

WP KAMPIOENSKAPPE

Die atlete het Saterdag aan WP kampioenskappe deelgeneem in Oudtshoorn en is opgeneem in die WP Span wat 17 Maart aan SA's gaan deelneem.Uitslae as volg: Anje Grobbelaar: 2de Hoogspring met n Hoogte van 1.50m . 5de Verspring met n Afstand van 4.54m



On 2 to 4 March, Emily Coleman competed at the SANESA ( South African National Equestrian Schools Association) and with pride represented Huguenot Primary, and received 1st place for Dressage, 1st place for Working riding, 2nd place for Performance riding and 3rd place for Equitation. Emily will compete again from 20 – 22 April.

## Equestrian




## Wes-Kaapse Motorfiets

Stefan Zybrands het die afgelope naweek deelgeneem aan die tweede rondte van die Wes-Kaapse veld motorfiets wedren. Hy het in die 85cc Junior klas deelgeneem.

Dit was op ‘n plaas net buite Wellington gehou. Stefan het fantasties gery en die wedren vêr gewen. Hy was 5 minute voor die tweede deelnemer. Baie geluk!



## SA skole atletiek-kampioenskappe:

Anje Grobbelaar was 5de in die Hoogspring (o/12)
Grace de Vries is die SA kampioen dogters o/10 verspring.
Ons is baie trots op die twee atlete !






# Kaskar jolyt!






















Die nuwe woonstelblokke wat so pas klaar gebou is met ’n panoramiese uitsig op Groenberg en die Du Toitskloofberge.

# UITSIGTE VAN NUWE WOONEENHEDE VAN DIE MOOISTE IN WELLINGTON

Verdeau Landgoed het sopas die nuwe blokke wooneenhede klaar gebou. Dit is 18 eenhede met van die mooiste uitsigte in Wellington. Die eenhede is noordfront geleë met uitsigte oor die Du Toitskloofberge en Groenberg. Die eenhede is deel van Fase 2 van Verdeau Landgoed. Inwoners sal vanaf einde April intrek in die pragtige eenhede.

Fase 2 van Verdeau Landgoed bestaan uit 17 erf-eenhede en 110 waterfront wooneenhede. Hiervan is 50 eenhede reeds verkoop.

Pryse van hierdie eenhede het oor die afgelope jaar reeds met meer as 30% in pryse gestyg en beloof om ’n fantastiese belegging te wees.

Die eenhede is ontwikkel om soos by Seepunt, rondom water en uitsigte geleë te wees. Stappaadjies word nou rondom die Verdeau dam aangelê. Dit is aangenaam om saans die ouers te sien stap met hul kinders rondom die dam, die ganse en wilde eende kos te gee en sommer net die mooi uitsigte te geniet.

Belangstellende kopers, beleggers en huurders kan gerus die plaaslike agente of die inwonende agente besoek om deel te wees van die pragtige ontwikkeling. Verkope van die orige 60 eenhede sal binnekort begin. Die skou-eenhede sal egter ’n deeglike beeld gee van wat in die eenhede gekry kan word.




# VERDEAU LANDGOED SE FASE 2 PAAIE EN DIENSTE VOLTOOI


Die infrastruktuur en die paaie van Fase 2 in Verdeau Landgoed is pas voltooi. Die laaste plaveisel word gedoen nadat die grootste bouwerk afgehandel is om paaie te beskerm.

Kopers van wooneenhede kan nou op hul erwe staan wanneer dit besoek word. Erwe is deeglik gemerk sodat voornemende kopers op die huiserwe kan staan wanneer hulle keuses maak.

Met die nuwe paaie in Fase 2, is die hele bo-deel van Verdeau, naamlike bykans 250 eenhede as afsonderlike eenheid, klaar ontwikkel. Fases 3,4 en 5 is afsonderlike fases waar bouwerk kan plaasvind sonder om fase 1 en 2 se inwoners te beïnvloed.



Die infrastruktuur en die paaie van Fase 2 in Verdeau Landgoed is pas voltooi.



Die uitsigte van die nuwe beplande eenhede op Groenberg en die Du Toitskloofberge wat in Mei 2018 bekend gestel word. Dieselfde uitsig is ook sigbaar vanaf die woonstelblokke wat so pas klaar gebou is.



# SPESIALE NUWE EENHEDE MET UITSIG OP DU TOITSKLOOFBERGE

Die ontwikkelaars het pas besluit om 41 nuwe eenhede met uitsigte op die Du Toitskloofberge te ontwikkel. Dit is gedoen weens die groot aanvraag na eenhede met uitsigte oor die berge. Die eenhede sal 2 slaapkamer en 2 badkamer eenhede wees met lekker braai-stoepe.

Die finale planne sal begin Mei bekend wees en voornemende belangstellendes kan solank Verdeau se agente besoek om na die ligging te gaan kyk. Pryse sal later bekend gemaak word.




**LUXURIOUS 3 BEDROOM SEMI-DETACHED HOMES**

PRICED FROM **R1,995 900**

| BEDROOM | BATHROOMS | GARAGE | PATIO WITH BRAAI |
|---|---|---|---|
| 3 | 2 | 1 + 1 carport | 1 |

Verdeau Lifestyle Estate offers 16 exclusive residential homes within the well established secure development. Combining a rich history with modern essentials, Verdeau Estate proudly offers a rural lifestyle with urban comfort and luxury.

VERDEAU
LIFESTYLE ESTATE

INKATHI GROUP

+27 (0) 81 5111 250
+27 (0) 61 494 6847
susan@verdeau.co.za


All images shown are computer generated for illustration purpose only. Actual build may vary.




Verste woonstelblok wat so pas klaar gebou is.



Die Verdeau-dam is alreeds 'n bron van avontuurlike vermaak vir kinders.



Hugenote Hoërskool
Huguenot High School
*Ontsluit die toekoms*
*Unlocks the future*

WELLINGTON
H.H.S. H.P.S.
MIK HOOG AIM HIGH


Privaatsak • Private Bag X9 • Wellington • 7654
t: 021 873 1078 • f: 021 873 2941
E: admin@hugenoteskool.co.za
www.hugenoteskool.co.za



## MNR & MEJ HUGENOTE



**Baie geluk aan Francois Marais en Andrea Louw wat aangewys is as 2018 se wenners van die kompetisie.** Die seremoniemeester was die bekende Izak Davel. Ons beoordelaars: Amaria Carstens, Jaomi Zeeman, Viljé Maritz en Armand du Plessis!



## ATLETIEK

Ons hoofseun, Reinard Reitsma, het met 'n skitter vertoning by die SA Kampioenskappe te Potchefstroom 'n silwermedalje (800m) gewen met 'n tyd van 1:51:74.

## CAPE EPIC



Hugenote se skole (Hoër- en Laerskool) is die naweek by die ABSA Cape Epic aangewys as "Best Location". Hierdie toekenning word gemaak deur die fietsryers.



## KOOR@NEDERBURG

Ons is baie trots op ons skoolkoor wat deel was van die reuse massakoor wat opgetree het saam met die Stellenbosch Stadsorkes, André Terblanché en Janelle Visagie. Ons het tydens die konsert nuwe talent ontdek toe Gert Jordaan gewys het dat hy eintlik 'n briljante dirigent kan wees!




BILLY PHILLIPS EST 1979 BLINDS · FLOORING · DECOR
HIPPO ROCK
LATEGAN'S sementwerke • cement works
Pick n Pay Wellington
Discovery Financial Consultants


Elsabe du Toit en Sonet Hayes


Nicole Stroebel, Misha Stroebel en Marli Jordaan


Melanie Crozier, Suzaan Steyn en Caren Crozier


Chris Faure


Annika en Willemien Brink


Oumies Marais en Gerhard le Roux


Vrolike danspaartjies.


Ina Erasmus en Elmien Koorts


Sanrie en Rossouw van der Spuy kuier saam oom Dirk Bester en sy vrou, Petria.

## SILWERKRUIN BASAAR VROLIKE GELEENTHEI D

Silwerkruin se basaar het alles aangebied wat 'n basaar lekker maak. Kos, poedings, wit olifante, vars vrugte en groente, handgemaakte en gehekelde of gebreide artikels van die inwoners soos net ouma dit nog maak. Die okkasie is opgevrolik met musiek wat die voete laat jeuk het en menigmaal het van die gaste die kans benut om 'n paar draaie en swaaie te kap op die sementvloer. Daar is tot baie laat gekuier en geëet.

Die hoogtepunt was toe die wenners van die gelukkige trekkings gedoen was, veral die selfoon wat deur Vodacom geborg was en deur Willemien Brink gewen was.


Pieter du Toit en Dagmar


Die Namibiër se Deli
Vrede in Vleis
Heerlike wildsvleis
produkte met 'n verskeidenheid worsresepte, burgers, biltong, droëwors, salami, gevriesde pasteie ens
Kom loer gerus in!
André Burger: 082 921 0915
andre@dienamibier.com
Week: 9am–6pm, Sat: 8:30–2pm
Vondel, Regent Straat, Wellington

Professional Maths Tuition
Make the change to positive results!
master maths
Gr 4 - 12
Wellington
021 873 0691 / 084 549 2971
wellington@mastermaths.co.za
www.mastermaths.co.za

VANEL VERHURINGS
Sakeperseel te huur !
• Veilige parkering beskikbaar
• Instap kluis beskikbaar
R 7450.00 per maand
Kerk Straat 54A
07:45 - 12:45
021 873 3829

Marianne Strydom
BA (lang),H.Dipl.(Libr)
Taalpraktisyn
Language Practitioner
Afr - Eng / Eng- Afr
Dutch - Eng or Afr
Translation / Proofreading
082 677 4364
mail@mariaanestrydom.co.za
www.MarianneStrydom.co.za
Accredited Member of the SA Translation Institute
#1000253 SATI - bridging language barriers

BOLAND DRUKPERS PRINTERS
REG No: 1971/004223/06 • VAT No: 4940105440
KWALITEIT DRUKWERK
FLINKE DIENS
KOMPETERENDE PRYSE
Tel: 021 873 1167 • Fax: 021 873 3889
sales@bolanddp.co.za
PO Box 160 • Versailles Street
Wellington • 7654
www.bolanddp.co.za
a division of CTP Limited

WELLINGTON DRUKPERS (EDMS) BPK
27 VERSAILLESSTRAAT
WELLINGTON
TEL NR: 021 8734402
SALES@WELDP.CO.ZA
WELLINGTON DRUKPERS (EDMS) BPK
WELLINGTON PRINTERS (PTY) LTD
REG NR 2006/012390/07
SUPPLIER OF ALL YOUR COMMERCIAL PRINTING NEEDS:
• Faktuurboeke • Kwitansieboeke
• Kleur brosjures • Jaarblaaie • Briefhoofde
• Visit cards • Church & Desk Calenders • A2 Posters • Flyers etc.
Digitale Drukwerk: Geen bestelling te groot of te klein

**Dr. Hennie Conradie**
**Dr. Dirk Kok**

*Maandae tot Vrydae*
9h00 – 18h00
*Saterdag*
9h00 – 13h00



Bergstraat 6 Wellington 7655
021 873 1047/8

POWER PLATE.



Lynette Emslie
t 021 864 1855 | c 084 5117 160

• exercise all muscle groups simultaneously • cellulite reduction • osteoporosis (excellent for bone loss) • fat burning (accelerate weight loss) • relieves pain • boost blood circulation • anti-aging • toning




## ALTRUISM

Help where you can, as there are many lonely folk waiting to hear a knock on the door. Each one has a story to tell, share yours with whoever has a willing ear.

Listen for you are never too old to learn or never too old to teach.

God gave us one mouth to speak, but two ears that we might listen twice as much!

B Church
Serenata, Wellington

**SPELTERAPIE**
**PLAY THERAPY**

**Hilmari Roux**
(B.Prim 1V, B.Ed Hons, MA in Psig)

Vir die ondersteuning van sosiale, emosionele en gedragsprobleme by kinders en adolessente.

021 873 5589 / 073 2211 034
hilmari.roux@webmail.co.za
Van der Merwestraat 9, Wellington

**First Aid Training**
**Noodhulpopleiding**

Goedgekeurde kursus.
Sertifikaat geldig vir 3 jaar.
Kontak: Elmarie
082 705 9655
021 873 5525
e.koch@vodamail.co.za
Back to Basics Health Training Pty (Ltd)

anke groenewald
PHYSIOTHERAPIST



32A Malherbe street
082 267 7416
anke@wellingtonphysio.co.za
www.wellingtonphysio.co.za
LIKE US ON facebook

elmarievancoller
PHYSIOTHERAPY
B.Sc. Physio (Stell)

**20 JAAR ONDERVINDING IN:**
• Akute & Chroniese rug, nek, hoofpyn en senuwee beklemming
• Sportbeserings & Rehabilitasie
• Rehabilitasie na enige gewrigsoperasies en vervangings
• Beroertes
• Dry Needling

Vra Mediese fonds tariewe.
Ons eis van mediese fonds.



084 240 8682
Malanstraat 11, Wellington

JAN V RIEBEECKST 38
WELLINGTON
021 873 1057
021 873 1058

WELGELEË PLEIN
WINKEL 12
064 6944 130

MEDICROSS MEDICAL CENTRE

SPREEKKAMER URE
MAANDAE - VRYDAE
9h00 tot 18h00
SATERDAE
9h00 tot 13h00

**FAMILY MEDICAL CENTRE**
Dr. Gideon Pienaar Dr. Hein Portwig Dr. Ilne Portwig Dr. Maureen Fourie

**Sr: Renie Dörnbrack | Kliniese Sielkundige: Zanne Pienaar | Tandarts: Dr Viljé Truscott | Beroepsgesondheidspraktisyn: Sr L Jansen van Rensburg**

Algemene Praktyk & Konsultasies | Kontrasepsie | Ginekologiese Ondersoeke
Klein Chirurgiese prosedures | Versekeringsondersoeke | Werksbeserings & indien van eise |
Wondversorging deur susterl Bloeddruk Monitering | Klieniese Sielkundige | Tandarts

Margot Malan
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE

Skoolgereedheidsevalusasies · Psigo-opvoedkundige Evaluasies · Evaluasie en hantering van ATHS · Ouerbegeleiding · Gesinsterapie · Spelterapie · Emosionele Evaluasies (trauma, egskeiding, dood, ens.) · Psigoterapie (adolessente en volwassenes) · Vakkeuse · Beroepsevaluerings · Skooltipe Keuse · Skolastiese onderprestasie · Leerprobleme · Geregistreerde Mediator · Mediasie (egskeiding) · Opstel van ouerskapsplanne



021 872 9299 · Eerstelaan 23, Wellington · Hoofstraat 290 C, Paarl
Tweetalige Dienslewering · Bilingual Service

B.A., H.O.D., Hons (Voorligtingsielkundige - Cum Laude) M.Ed (Psig)

**Drs JP van Wyk, TE Nell & HA Serdyn**



**TEL: 021 864 3590/1**

Spreekure: Ma–Vry: 08:30–18:00 • Sat: 08:30–13:00 / 18:00–20:00
Sondae & Vakansiedae 10:30–12:30 • Adres: Kerkstraat 6, Wellington

Kliniese Sielkundige
Clinical Psychologist



Zanne Diederichs Pienaar M.A. (S.A.)

021 871 1579 zanne@morgenzonpractice.co.za
www.morgenzonpractice.co.za



Kobus Kritzinger besig met die aanbied van 'n demonstrasie vir 'n wurm boerdery.



Amanda Kreitzer besig met die aanbied van 'n fermentasie werkswinkel.

## LANGKLOOF ROSE LOODS GESONDHEIDSDAG

Langkloof Rose was onlangs die gasheer van 'n heerlike Sondag uitstappie toe mense kon ontspan in die lieflike tuin, maar terselfdertyd ook meer uitvind oor al die gesonde alternatiewe en opsies daar buite. Daar was uitstallers wat organiese produkte en eetgoed verkoop het, kefir en kombucha stalletjies, asook 'n uitstalling van Go Natural se besondere grane en toerusting vir diegene wat die kortpad na gesondheid wil betree. Deel van die dag was 'n werkswinkel waar die voordele van 'n wurm boerdery gedemonstreer was. Dit is die ideale manier om ontslae te raak van afbreekbare kombuisafval deur dit te omskep in voedingsryke kompos. Daar was ook 'n fermentasie werkswinkel waar die besondere gesondheidsvoordele van hierdie gewoonte bespreek en vir almal gedemonstreer is hoe om dit te doen.



Kinders het die uitritte te perd terdeë geniet.



Adama koor bekoor aanwesiges met hulle puik optrede.



Uitstallers verkoop allerhande gesonde ware en produkte.



Nuwe veldwerkers vlnr Christelene Ephraim, Sarie Dietrich, Annie Dampies en Christa Daniëls



2018 ABSA Cape Epic

## MA'S VIR WELLINGTON NUUS

Daar is vier nuwe veldwerkers aangestel by Ma's-vir-Wellington. Die hoofdoel van die Veldwerkers in hulle program is om maatskaplike kwessies op te volg. Deur tuisbesoeke word daar met die kinders se ouers geskakel, dringende behoeftes in die gesinne bepaal, afwesighede opgevolg en saam met die gesin gebid. Ma's-vir-Wellington se hart is om die ouers se hande te vat in die grootmaak van hulle kind

Ma's-vir-Wellington het 'n skenking van die IRONMAN FOUNDATION (Amerika) ontvang wat deel was van die 2018 ABSA Cape Epic om ons te help om voort te gaan met hulle organisasie se werk in die Wellington gemeenskap. Die geld sal aangewend word om te help met die voorsiening van ontbyt en middagetes, om die Veldwerkerspan se werk te ondersteun, asook assisstente aan te stel om te help in die Vroeë Kind Ontwikkelingsprogram. Ma's-vir-Wellington help met die versorging, dien en opvoeding van 164 kinders wat onder die broodlyn in die gemeenskap van Wellington leef. Met die hulp van hierdie drie spanne atlete in die Cape Epic, is die moontlikheid van 'n tasbare verandering in ons gemeenskap moontlik.

## MUSEUM FOTOKOMPETISIE

Links 'n jong foto en regs toe hy ouer was. Hierdie man is in Wellington gebore, waar 'n straat na hom vernoem is. Hy het in Skotland as mediese dokter gekwalifiseer. In die 1910 verkiesings was hy die leier van die APO (African People's Organisation). Hy was die eerste Kleurling wat verkies is tot die Kaapse Stadsraad in 1904. Hy hetook gedien in die DistrikSes Raad. Kry jou leiddraad by die Wellington Museum.



Die antwoord van die vorige foto is Sailor Malan. Epos jou antwoord na welmus@telkomsa.net of handig in by Wellington Museum.




Adventure Cycles
021 873 7434
awium@adventurecycleswell.co.za

BWISE Financial Solutions
A different approach!
Krige de Waal
Financial Planner (AFP)
T. 021 873 7358 • F. 086 6104 258
M. 072 725 8899
Wellington Centre, Suite 105, 1st floor
32 Church Str. Wellington
krige.dewaal@bwise.co.za
www.bwise.co.za

Herman Wessels
Chartered Accountant (SA)
SERVICES
• Accounting
• Tax
FOR
• Individuals
• Small & Medium sized businesses
071 987 0841
53 Volendam Estate, Wellington
herman.wessels@telkomsa.net

# Laerskool Hugo Rust

NET DIE BESTE

# BAMBI

021 873 1598 . Jan van Riebeeckstraat . Wellington . 7655 . www.hugorust.co.za


ONS TWEEDE PA-EN-SEUNKRIEKET TOERNOOI!



PA-EN-SEUN KRIEKET





## SA's Atletiek

Dewald de Villiers hardloop ongelooflik by die SA's atletiek en kry Silwer medaljes vir 200m hekkies asook 80m hekkies.
Hugo Rust is super trots!
Mnr. Bruwer wens vir Dewald geluk.



## Tweekamp

Gedurende die Boland Tweekamp byeenkoms, by Hugenote Hoërskool, is (van links na regs) Francois Retief 0/13 en Christiaan Hattingh 0/11 onderskeidelik aangewys as die Boland-Kampioene in hulle ouderdomsgroepe. - Baie Geluk julle!







MINI KRIEKET TOERNOOI







Vrydag, 16 Februarie, het Laerskool Hugo Rust weer hulle jaarlikse Mini-Krieket toernooi met groot sukses aangebied. Dertig krieketvelde is uitgelê, een-en -twintig skole het deelgeneem, 118 spanne het bygedra tot groot opwinding en 116 wedstryde is gespeel. Baie dankie aan ons Hoofborge van die dag, Wilmar Bouhandelaar, KFC (Boland Krieket) en Overberg Agri vir julle groot bydra tot die toekoms van ons krieketspelers.





Gr. 7 Valentyn's Sokkie





BAMBI OUPA-EN-OUMA DAG





DANS!





BUITELUG PIEKNIEK-DANS